**Sondag 24 September**
**Skrifgedeelte: Genesis 11:1-9**
**Fokusgedeelte: Genesis 11:5-7**

**Verwar en verstrooi weens ’n verwronge kultuur**

Die mens wil self besluit en doen. Sedert die sondeval is dit só: ons aanvaar moeilik dat iemand anders vir ons voorsê of besluit. Baie mense sal nog toelaat dat die kulturele groep waarvan hulle deel is, bepaal wat die norme, waardes en beginsels vir hulle lewe is, maar niks meer nie. Tog lees ons in die Here se Woord dat Hy die enigste Een is wat bepaal watter norme, waardes en beginsels ons moet volg.

Die verhaal van die toring van Babel in Genesis 11 wys hoe die Here oordeel en optree wanneer die mense op hulle eie manier wil lewe. In daardie tyd is daar net een taal wat almal praat. Die mense besluit om ’n stad te bou waarin almal kan bly, met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik. Duidelik stel hulle nie belang in wat die Here wil hê nie. Hulle wil self besluit en doen. Hulle prestasies is hulle trots.

Maar die Here laat hulle nie toe om verder te gaan nie. Hy sien wat hulle besig is om te doen: in hulle eenheid en selfstandigheid wil hulle los van Hom en sy bepalings lewe. Terloops: Wat hulle dink is enorm en ’n groot prestasie, is vir die Here klein en nietig – Hy “kom af” om te kom kyk wat die mense doen (vs 5)!

Om te keer dat hulle voortgaan op hierdie sondige weg, verwar die Here hulle taal. Nou kan hulle mekaar nie meer verstaan nie. Een vir een trek hulle weg en verstrooi oor die aarde. Nou is hulle nie meer deel van een groep met een kultuur, een taal, waarin hulle self kan besluit oor die lewe nie. Nou moet hulle nuwe vrae vra en antwoorde soek.

Mag ons altyd ons antwoorde op die vrae van die lewe by God soek. Mag ons in die evangelie van Jesus Christus die sin en regte waardes van die lewe vind. Mag ons Hom deur die krag van sy Gees navolg in ons lewe van elke dag. Mag ons ook ons kultuur bou op die waarheid van sy Woord.

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)*